Ontspan by 'n nuwe spa in Mooikloof...

'n Nuwe en weereens voortreflike BSXI-tak het onlangs in Mooikloof geopen. BSXI is 'n akroniem vir *Beauty, Body, Skin and Slimming eXperience Indoors*, maar word 'Be Sexy' uitgespreek.

"BSXI se kernfokus is op die kliënt. Ons streef daarna om uit te staan en uit te blink in alles wat ons doen, die kliënt te betower en seker te maak hy/sy bly altyd deel van die BSXI-familie," se Bronwyn, 'n aandeelhouer van BSXI franchise. As 'n apteker het sy besef dat die spa-neiging wegbeweeg vanaf skoonheid na welstand en sy het besluit om 'n geïndividualiseerde benadering tot welstand te bied. "Mense is werkoholiste; hulle raak vasgevang in die rep en roer van hul alledaagse bestaan. By BSXI bied ons kliënte 'n manier om te ontspan en te destres deur die beste produkreekse en tegnologie te gebruik. Terselfdertyd word daar voorsien in die kliënt se behoefte om deel te wees van die familie wat hom/haar bystaan daarin om in hul gesondheid en welstand te belê." Ons fokus is op standaard en om seker te maak kliënte kry waarde vir hul geld. Al die terapeute is professioneel, hoogs opgelei en gekwalifiseerd.

Tans het kliënte die wonderlike geleentheid om ses gratis warmklip masserings saam met enige IPL kursus te ontvang. Dit is geldig by albei takke.

Die nuutste tegnologie word gebruik vir die oorlog teen selluliet. Die beste behandelings vir teen-veroudering word ingespan deur die nuutste produkte sowel as die beste tegnologie te bied teen haarvermindering, vir velverjonging, infrarooi velverferming en die *Diamond Tip Microdermabrasion* (wat die beste in tegnologie en effektiewiteit verskaf, met onmiddellike resultate).

Daar is twee BSXI Hydro spa takke in Pretoria. Een is geleë in Waterkloof en die ander een in Mooikloof. Albei takke bied aan kliënte die beste welstandsprodukreekse en skoonheidsbehandelings met slegs die beste in bederf-, holistiese en skoonheidsbehandelings. Die beste internasionaal aangeskrewe produkte soos Phytomer ('n Franse produk), TheraVine en Nimue (albei Suid-Afrikaanse produkte wat al verskeie toekennings ontvang het)

Vir meer inligting, skakel Mooikloof by: (012) 480 1984 of Waterkloof by: (012) 347 4155, of besoek hul webtuiste by www.bsxi.co.za. BSXI se hoofkantoor kan geskakel word by: 082 376 1022.